

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 42

17 Oktober 2021

**Die Bekeringskrag van
LIEFDE**



Nog nooit in die geskiedenis van ons geslag was daar so 'n groot dringendheid om die reddingsboodskap van Jesus te verkondig nie. Die mensdom smag na redding en as gelowiges het ons die enigste ware antwoord wat soekende siele kan lei om vrede aan die voete van Jesus – die enigste weg, die waarheid en die lewe – te vind.

Ons liefde vir mekaar moet duidelik praat

Nie net is ons geroep om die waarhede van die evangelie tot aan die uithoeke van die wêreld te verkondig nie, maar om die bekeringskrag van die Evangelie uit te leef deur ons liefde vir mekaar. Jesus het gesê: "Hierdie liefde van julle moet as't ware hard en duidelik 'praat'. Mense moet daarna kyk en sê: "Kyk net, daar is 'n volgeling van Jesus." (Joh 13:35)

Paulus bemoedig hulle (gemeente in Korinte) onder andere in drie hoofareas:

1. Liefde vereis 'n oop hart

Paulus sê: "...Ons harte is vir julle wyd oop" (2 Kor 6:11) en "Doen aan ons wat ons aan julle gedoen het: maak julle harte ook wyd oop!" (2 Kor 13). Paulus sê da thy sy hart oopgemaak het om gelowiges in Korinte met liefde te omvou. Hierdie liefde is verbasend, want hulle het hom baie sleg behandel. Steeds bly hy lief vir hulle, al is hulle harte nog nie oop vir hom nie. Hy ego sy boodskap in 1 Kor 13 en sê dat in plaas daarvan om met woede, bitterheid, onverdraagsaamheid en selfsug te reageer, sy liefde aan hulle van die Evangelie se verlossingskrag in sy lewe getuig. Hierdie is 'n belangrike les vir ons vandag. Mag ons leer om ons harte oop te maak en liefde aan ons kinders, familie, medegelowiges, kollegas, vriende en vyande te betoon – al is hulle harte nog nie oop vir ons nie. Dit is ook die voorbeeld van Jesus se liefde vir ons. "Maar God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." (Rom 5:8)

2. Liefde deel graag die waarheid

In 1 Kor 2 sê Paulus dat hy hom voorgeneem het om met hulle oor niks anders te praat as oor Jesus Christus wat vir ons sonde aan die kruis gesterf het en opgestaan het uit die dood sodat almal wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Dit is ook Paulus se liefde wat vir gelowiges asook ongelowiges die grootste getuienis was dat hy gered is. Hy het van vervolger van die kerk in 'n apostel, broer en medegelowige in Christus verander.

3. Liefde kweek vreugde

Paulus se liefde vir die gemeente het gelei tot vermaning; vermaning het gelei tot ontsteltenis en in hulle droefheid het hulle na God toe teruggekeer. Paulus is verheug oor hulle reaksie en sê dat hulle bekering sy hart met vreugde gevul het. (2 Kor 7:4)

Dankie!

- Dat God ons eerste liefgehad het!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir God se hart vir ons gemeente met die beplanning vir volgende jaar deur Deon en Fritz.
- Vir die gemeente bedieninge.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!
- Vir die veiligheid van elkeen wat met vakansie gaan. Ook vir 'n goeie rustydperk.
- Vir die verkiesing wat voorlê en verdraagsaamheid tussen verskillende partye.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Christa de Swart – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Nellie van Tonder - vir spoedige herstel na oogprosedure.
- Nadeleen Deguay – het covid en in hospitaal. Vir spoedige herstel en volkome genesing.

Gedagte vir die week:

Liefde word gratis gegee; dié wat jy kan koop, is niks werd nie.

-Henry W Longfellow –

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.or